Die Afrikaner
admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898 Nr 2112 3 Mei 2019

Om te stem is nie oplossing nie

Veldtog van nie-militêre konflik is die pad na volksvryheid

Volgens die meningspeilings van Ipsos weet 37% van Suid-Afrika se kiesers nie vir watter politieke party om Woensdag te stem nie. Dit blyk dat ‘n groot aantal van daardie kiesers nie sal gaan stem nie.

Waarnemers sê dit is veral onder die Blankes, en veral die Afrikaners, opmerklik dat daar nie oor die ANC-verkiesing gepraat word nie. Daar is onder Blankes merkbaar ‘n groter ongeërgheid oor vanjaar se verkiesing as in vorige ANC-verkiesings.

Die voorsitter van die HNP, mnr Hermanus van der Schyff, sê dit is opvallend hoe baie debat gevoer word oor die wegblystem. Daar word oorweldig baie klem daarop gelê dat “elke kieser ‘n verantwoordelikheid het om te stem”.

Somme word gemaak, veral deur die VF+, dat ‘n wegblystem die ANC kan bevoordeel. Ander argumente gaan weer daaroor dat ‘n stem vir die klein partye ‘n vermorsing van die kieser se stem is. Daar word egter glad nie na die HNP se standpunt om nie te stem nie, verwys nie. Die HNP word ook nie in debatte betrek om die HNP se standpunt van *Kies reg, Bly weg*, te motiveer nie.

Die HNP se verkiesingsmanifes is in die vorige uitgawe van ***Die Afrikaner*** gepubliseer. Die HNP se standpunt is duidelik: Moenie stem nie. Die standpunt word baie volledig en duidelik gemotiveer.

In 2014 het 18,402,498 kiesers gestem. Die stempersentasie was 73,48%. Vanjaar is 26,744,566 kiesers geregistreer. Indien dieselfde stempersentasie van 73% wel behaal word, sal 19,523,532 kiesers stem. Dit beteken dat elke deelnemende party meer stemme as in die vorige verkiesing moet kry om sy posisie in die parlement te handhaaf.

In 2014 het elke 46 000 stemme aan ‘n party een verteenwoordiger gegee. Vanjaar is die getal vir ‘n verteenwoordiger wat vereis word, 48 809 stemme.

Die VF+ byvoorbeeld, het in die 2014-verkiesing 165 715 stemme gekry. Dit is 0,9% van die stemme. Dit het aan die VF+ vier verteenwoordigers gegee. Met die verhoogde aantal kiesers, moet dié party vanjaar 195 235 stemme (30 000 meer) kry om sy posisie te handhaaf. Om ‘n groter seggenskap in die parlement te hê, moet die aantal stemme dus aansienlik meer wees. 600 000 stemme sal byvoorbeeld aan die VF+ 12 verteenwoordigers uit die 400 parlementslede gee.

Die vraag is of dit enigsins ‘n verskil kan maak vir die belange van die Blankes en die Afrikaner, sê mnr Van der Schyff.

Die leier van die HNP, mnr Andries Breytenbach, wys in die HNP se manifes daarop dat dit ‘n internasionaal erkende en aanvaarde vorm van weerstand is om ‘n staat se verkiesing te boikot. Hy stel dit duidelik dat indien die Blankes soos een man van die stembus wegbly en hulle van die ANC-bestel distansieer, dit die grooste impak van al die opsies sal hê.

Die herwinning van die Afrikanervolk se vryheid is die HNP se erns, sê mnr Breytenbach. (Kyk ook kommentaar op bladsy 2). Die enigste opsie buite militêre geweld is ‘n volgehoue omvattende veldtog van nie-militêre konflik.

Daarnaas is daar die duidelike HNP-standpunt dat om aan die bestel deel te neem, is om aan ‘n nie-Christelike grondwet erkenning te gee. Dit druis in teen die Afrikanervolk se Christelike waardes. Deur nie te stem nie en ons rug op die regime se verkiesing te draai, sê ons aan die wêreld ons is ‘n volk in eie reg wat aanspraak maak op ons soewereine onafhanklikheid onder ‘n grondwet wat die Drie-enige God en sy gesag erken.

Die Redakteur

Verkiesing 2019: van sleg tot erger!

Met die ANC-bestel se algemene verkiesing slegs enkele dae weg, word dit al hoe duideliker dat dinge vir ons Afrikaners nie gaan beter word na die tyd nie. Dieselfde gaan gebeur as toe Cyril Ramaphosa vir Jacob Zuma uit die kussings gelig het, en almal gehoop het hy is die swart ridder op 'n wit donkie wat dinge sou verbeter. Dit het in wese verder versleg. Baie mense klou nou aan die grashalmpie dat dinge na die verkiesing beter sal gaan, want as Ramaphosa eers sy mandaat verstewig het, sal hy dinge begin regruk.

Die feit is dat die opkoms van swart radikalisme so in sy nek blaas dat hy dinge dalk vir die Swartes gaan beter maak, maar dit gaan ten koste van die Blankes, en in besonder die Afrikaners, wees.

Die hele poging om die ou Unievlag, en latere Republiekvlag, te verban as sou dit haatspraak verteenwoordig, is 'n sprekende voorbeeld daarvan. Alhoewel die Nelson Mandela Stigting die saak daaroor in die hof aangevoer het, kon die sogenaamde Menseregtekommissie nie vinnig genoeg homself tot 'n party in die saak toevoeg nie. Dieselfde Menseregte-kommissie wat dit nog geen enkele keer oor sy hart kon kry om rassistiese anti-blanke haatspraak te veroordeel of te straf nie. Daar is altyd een of ander stertjie aan dat die haatsprekers meer menseregte as die Blankes het wat die slagoffers daarvan is.

Daar word allerweë gehoop en aanvaar dat die ANC swakker gaan vaar in die verkiesing. Dit gaan egter 'n nuwe politieke bedeling tot gevolg hê. Sedert die EFF van Julius Malema in 2014 sy eerste setels in die parlement gekry het, het hy die politieke beleid dikteer, en die ANC en ook die DA verder na links getrek. Nou kom die nog meer radikale BLF ook by, en gaan die twee beslis die ANC na hulle pype laat dans. Trouens, daar is siele in die ANC, soos hulle sekretaris-generaal, Ace Magashule, wat openlik vry na Julius Malema om hom terug te kry in die ANC. Daar is duidelik geen beleidsverskille wat in die pad hoef te staan nie.

Die opportunistiese koalisies in die stadsrade, waar DA, EFF en VF+ knus saamboer, gaan tot 'n einde kom en vervang word met ANC/EFF-koalisies, en ons kan maar net indink wat dit vir die Blankes gaan beteken.

Afrikaners sal na die verkiesing indringend moet byeenkom en beplan hoe ons verset in aksie kan kom sodat ons weer by volksvryheid kan uitkom. Ons kan nie in hierdie bestel bly nie!

Kommentaar

Afrikanervryheid

In die vorige uitgawe is baie ruimte afgestaan aan die HNP se goeddeurdagte standpunt waarom Afrikaners nie aan die ANC-bestel moet deelneem nie en dus nie op 8 Mei moet gaan stem nie.

Die HNP se standpunt ***Kies reg, Bly weg***, is reeds alom bekend.

Op die voorblad van hierdie uitgawe word weer enkele argumente om nie te stem nie, herhaal. Die HNP se standpunt is dat indien ons as volk in massa ons rug op die ANC se verkiesing draai en nie stem nie, kan dit die internasionale wêreld laat besef wat die politieke werklikhede onder die ANC-bestel is. Om 'n staat se verkiesings te boikot, is 'n internasionaal erkende en aanvaarde metode om weerstand te bied.

Die logiese vraag wat kiesers dan vir die HNP vra, is: Wat is dan die HNP se standpunt of beleid? Die antwoord daarop is: volksvryheid. Dit gaan oor die vryheid van die Afrikaner as volk (en ook ander volke se vryheid in hulle eie vaderlande {volkstate}) waar die Afrikaner (en ander) oor hom- en hulleself regeer.

Hierdie beleid of standpunt word in die HNP se Program van Beginsels uiteengesit. Artikels 3 en 4 stel dit baie duidelik:

Nasionale identiteit.

Aangesien dit God behaag het om 'n verskeidenheid van volkere en nasies in aansyn te roep, moet :

a. die nasionale identiteit van die Afrikaner as Witman en Christengelowige noulettend bewaar word;

b. die kultuuropdrag van die volk langs Christelik-nasionale weg geskied; en

c. die anti-christelike en anti-nasionale strewe na ras- en kulturele eenvormigheid, die uitwissing van alle grense en die imperialisme met die oog op die tot stand bring van een staat vir die hele Afrika en een wêreldstaat teengestaan word sodat ons volk binne die natuurlike lewenskringe van gesin, familie en volk beskerming, veiligheid en vooruitgang kan geniet.

Daarom kan die Afrikanervolk in beginsel nie deelneem aan die multi-kulturele en veelrassige reënboognasie en sy strukture wat in 1994 onwettig tot stand gebring is om die Afrikaner van sy soewereiniteit, sy vaderland en sy toekoms te vervreem nie.

Instelling, doel en gesag van 'n Afrikanerstaat.

Die HNP streef na die vestiging van 'n eie, soewereine Afrikanerstaat in 'n eie Afrikaner-vaderland onder 'n eie Afrikaner-owerheid. Sodanige staat sal gevestig word met die doel dat die staat al die opdragte vervat in die Woord van God om die goeie te doen en die deurwerking van die kwaad te stuit, sal nakom.

Daarom word die reg van die owerheid om die swaard te dra, erken en aanvaar omdat die owerheid sy gesag van God ontvang en in die eerste plek aan God verantwoording verskuldig is vir die manier waarop hy sy dienswerk uitvoer. In die tweede plek is die owerheid ook verantwoording verskuldig aan die volk wat hom daarstel.

Liberaliste skep méér verwarring oor grond

Tussen al die linkse beskuldigings oor die geskiedenis van grondbesit in Suid-Afrika is dit opvallend hoe dié storie kort-kort aangepas word. In Stellenbosch het Ramaphosa op die Beyerskloof-wynplaas die boere probeer gerusstel oor grondonteiening. Hy het nie weer die mantra van die grond wat gesteel is, herhaal nie. Nou praat hy van "grond wat op 'n onwettige manier bekom is". Dit is gans iets anders. In hierdie terme is daar baie Swartes wat hulle grond sal moet afstaan, veral waar hulle op onwettige wyse plakkershutte in oop ruimtes opgerig het. Hy sal die EFF moet vervolg wat erwe aan Swartes uitgedeel het. Ook die ANC het erwe uitgedeel om stemme te werf. Mens sal natuurlik vermoed dat sy verwysing na "grond wat onwettig bekom is" weer na die verkiesing as gesteelde grond bestempel sal word en dat dit dan weer op die blanke boere gerig sal word.

Dat iemand soos dr Piet Croukamp hom aan die kant van Ramaphosa skaar, kan verwag word; maar mens moet jou hande saamslaan oor die manier waarop hy oor grond redeneer. Volgens Landbou-weekblad van 19 April 2019 maak hy die stelling "dat grond van swart Suid-Afrikaners deur wetgewing weggeneem is", soos die Wet op Naturellegrond van 1913 en die Groepsgebiedewet. Hy swyg oor die drastiese uitbreiding van grond vir Swartmense in die 1936-wette onder genl Hertzog; en swyg oor die feit dat honderde blanke plase tydens die konsolidasie van die tuislande onteien is en aan swart tuislande oorgedra is. Ook word niks gesê oor die bestaan van die tuislande wat as hul tradisionele gebiede erken en selfs omvangryk ontwikkel is nie. Die simplistiese leuens van die ANC word dus onderskryf.

Croukamp betoog dat blanke boere moet erken dat grond van "swart Suid-Afrikaners weggeneem is". En dan volg die verbasende redenasie: "Die erkenning van hierdie historiese feit (sic) beteken egter nie die grond moet teruggegee word nie. Dit beteken bloot die erkenning skep 'n grondslag vir geregtigheid."

Hoe Croukamp reken dat die ANC daarmee omgekoop kan word, gaan mens se verstand te bowe. Die uitgangspunt "dat die grond gesteel is", sonder verwysing na historiese gebeure en historiese patrone van vestiging, beteken dat geregtigheid as begrip nie naastenby in hul verbeelding opkom nie. Maar dit kom in Piet Croukamp se verbeelding op. Hy dink as blanke boere maar net dié erkenning maak, dan sal daar seker sagter met hulle gewerk word. Croukamp se droom eindig nie daarby nie. Om andermaal aan te haal uit die artikel: "Croukamp het beklemtoon 'n kompromis soos dié kan 'n platform skep waar alle partye iets prysgee om by 'n beter oplossing uit te kom."

Weet hy dan nie hoe lyk 'n kompromis in die hande van die ANC nie? En die beter oplossing word nie vir ons uitgespel nie. By die lees van sy argumente kry mens die indruk dat hy die ANC se grondbeleid probeer sag kook. Die vleis moet van die bene afgetrek word, sodat dit makliker verteer kan word.

Waarom word daar nie duideliker oor grondbesit gepraat in terme van bekende historiese werklikhede nie, soos wat die HNP dit doen nie? As daar oor geregtigheid gepraat moet word, moet geregtigheid ook geskied vir die wit eienaar van grond, en dan in terme van die orde wat oor drie honderd jaar in Suid-Afrika gevestig geraak het. Die liberale en revolusionêre denke oor grondbesit kom uit die *Freedom Charter* en die Lusaka Manifes. Daardie eise word gesien as "geregtigheid", en dit word immers so aan die wêreld voorgehou. Daarvolgens moet die grond oorgedra word "aan die mense wat dit bewerk", bedoelende die arbeiders op die plase, soos dit ook in Rhodesië gebeur het. Intussen moet die ANC nog oor hulle skouers loer vir die EFF wat met die dreigement van grondbesettings rondloop. Sal die ANC hoegenaamd na meer gematigde boere wil luister? En wat word dan van die regsposisie van die boere, en van hul morele posisie, as hulle eenmaal toegee dat blanke grond eintlik aan Swartmense behoort? Dat liberale Blankes (hoofsaaklik sakemanne en diegene in beheer van sekere landbou-organisasies) te vinde is vir die een of ander kompromis, word bewys deurdat 'n klompie maatskappye in die Wes-Kaap reeds R1 miljard bewillig het om "swart kleinboere" te help. Sulke geld word nie vir blanke boere of die Afrikanervolk beskikbaar gestel nie, nie nou nie en nooit in die verlede nie. Andermaal sien mens die geldmag se omkoop-politiek duidelik daarin.

Dr Piet Croukamp staan in die handel en wandel bekend as politieke wetenskaplike, maar sy somme tel nie reg op nie. Enersyds wil hy sien dat die ANC se meerderheid by die stembus verklein word. Dit beteken dat mense teen die ANC sal moet stem, lei ons af. Net in die volgende sin verklaar hy egter dat Ramaphosa se posisie in die ANC versterk moet word. Daaruit lei mens af dat kiesers vir die ANC moet stem. Hoe kry hy die kloutjie by die oor? Dit klink nie na goeie wetenskap nie.

Die beplanning en bedoeling van die ANC met landbougrond moet blykbaar deur hierdie wit liberale joernaliste en politieke wetenskaplikes so in die modder getrap word dat niemand kan vasstel wat eintlik aangaan nie. Sulke verwarring strek altyd die revolusionêre magte tot voordeel. ∎

Rassisme, Verblindes en Ver-regses

Mnr Andries Breytenbach

As daar nou een ding is waarvoor ons tot barstens toe keelvol is, is dit jy weet wie (jww) en wit liberaliste se gedurige gesanik oor "rassisme". Waai iemand 'n ou republiekvlag, is dit "rassisme"; maak iemand 'n opmerking oor jww 'n strand oorstroom en bemors, is dit "rassisme"; sit kinders in 'n klas nie deurmekaar genoeg nie, is dit "rassisme"; kom jww nie sy eksamens deur nie, is dit weens "rassisme"; hang jy 'n prent van jww en 'n bobbejaan teen dieselfde muur, is dit "rassisme"; of gebruik jy 'n goeie ou Afrikaanse idioom waarin 'n aap figureer (soos al dra 'n aap 'n goue ring...), het dit skielik "rassisme", of nog erger, haatspraak geword! (Ek wens 'n jww-woordvoerder wil vir ons vertel hoekom hulle so liggeraak en kleinserig is oor enige verwysing na juis dié twee diere, veral daar hulle so gesteld is op die evolusieleer. Afrika is mos glo die wieg van die mensdom).

Nooit is jww se gedrag en optrede die oorsaak dat gemoedere in die rooi raak nie, nee, dit is altyd diegene wat dit aanstootlik vind, se "rassisme", en daarom is jww dan geregverdig om met massa-aksies op enige vorm van beskawing en orde toe te sak, verwoesting te saai, brand te stig, te plunder, te dreig, te intimideer, paaie te blok en die samelewing te ontwrig. Die "beste grondwet in die wêreld" beskerm mos hulle "mensereg" om te betoog (art. 17), en dié reg weeg klaarblyklik swaarder as wetsgehoorsame en ordelike mense se reg om vry te wees van alle vorme van geweld (art 12(1)(c)), dws ongehinderd hulle weg te gaan en hulle werk te doen.

Wat is rassisme? Sekerlik nie die erkenning van rasse en rasseverskile nie, want verskillende rasse is 'n werklikheid, en eweneens is verskille tussen rasse ook 'n werklikheid. Jy sien dit met 'n oogopslag, want dit is die mees basiese onderskeiding tussen soorte mense. Vir gelowiges, wat aan God as die Skepper glo, is dit soos God dit gewil en bepaal het; vir diegene wat in ewolusie glo, is dit hoe die mensdom oor duisende jare ontwikkel het. Die eindresultaat is dieselfde: die mensdom bestaan uit 'n aantal afsonderlike rasse, elk met sy eie kenmerke en karaktertrekke.

Die Amerikaner, prof. Merril Root, het by geleentheid geskryf dat 'n rassis iemand is wat glo aan genetika (oorerflikheid), geskiedenis en sy oë. Maar jww en die liberalis ontken dit. Vir hulle is ons almal dieselfde, en wee jou as jy van hulle durf verskil!

Dit is deel van die mens en alle ander lewende wesens se samestelling en instink om voorkeur te gee aan en te identifiseer met sy eie soort. Dit is sy natuurlike gedrag en dit is 'n voorwaarde vir die voortbestaan van enige spesie. Daarom is daar seker in elke taal in die wêreld 'n gesegde wat beteken soort soek soort.

Mense wat die werklikheid ontken, ly aan 'n ontkenningpsigose. 'n Psigose is 'n "sielsiekte waarby kontak met die werklikheid verloor word en waarby die pasiënt aan delusies ly." (HAT). Delusies is 'n "vaste, veral emosioneel gekondisioneerde geloof i/d egtheid van denkbeelde wat vir die normale persoon vanselfsprekend oneg is; sieklike wanopvatting waaraan onwrikbaar vasgehou word ten spyte van redelike argumente — dikwels 'n simptoom van geestesstoornis of kranksinnigheid: Vervolgingswaansin en ydele hoop is delusies." (WAT).

Sekere siektetoestande soos skisofrenie, wat ook met delusies gepaard gaan, het 'n fisiologiese oorsaak, naamlik 'n wanfunksionering van die oordragstowwe in die brein. Dit is medies behandelbaar. Maar die ontkenningpsigose van die liberalis is 'n ware geestessiekte: dit het nie 'n fisiese oorsaak nie en is nie medies behandelbaar nie. Dit is 'n ekstreme graad van ou Wimpie de Klerk se verligtheid. Hulle het só verlig geraak dat hulle deur hul eie lig verblind is. Die verligtes het verblindes geword; en volgens hulle is die verkramptes nou ver-regses. Transformasie inderdaad!

Die opmerking is al gemaak dat die liberaliste oënskynlik vreeslik verdraagsaam is solank hulle nie in 'n magsposisie is nie, maar sodra hulle die mag het, ken hulle onverdraagsaamheid en venyn geen perke nie. Dan word húlle beskouinge op die samelewing afgedwing: aanvanklik deur propaganda en semantiese bedrog; en as dit nie die gewenste uitwerking het nie, volg magsmisbruik

(Vervolg op bladsy 7)

Die pad na Engelse staatskole

Die ANC se LUR vir onderwys in Gauteng, Panyaza Lesufi, het nuwe reëls aangekondig vir die aansoek van leerlinge by staatskole. Dit sluit nuwe maatstawwe in soos byvoorbeeld die leerling se woonadres, maar taal is nie een van die maatstawwe nie.

Dié besluit is geneem om apartheidsvoorregte af te breek, het ‘n woordvoerder van die departement (Steve Mabona) gesê. Volgens Mabona sal meer onderwysers aangestel word en bykomende leermateriaal beskikbaar gestel word om meertalige onderwys aan te bied.

Mnr Paul Colditz van Fedsas sê meertalige onderwys is die duurste vorm van onderwys. Die onderwysdepartement maak nie voorsiening om sulke skole te finansier nie.

Melanie Buys van die Skole-ondersteuningsentrum, sê om nie taal in ag te neem nie, sal chaos veroorsaak. Die departement verskaf nie ekstra onderwysers en hulpbronne aan Afrikaanse skole nie. Die skool sal die ekstra koste moet dra en daarom gebeur dit dat so ‘n skool oorslaan na ‘n Engels-enkelmedium skool.

Mnr Louis van der Schyff, hoofsekretaris van die HNP, sê dit is tog glashelder waarheen die ANC op pad is. Afrikaans moet uit alle onderwys-instellings verban word. Vernietig die Afrikaner se taal en jy vernietig die volk. Dit wat nou gedoen word, is om die Afrikaanse ouer (wat dit kan bekostig) na privaat skole te dwing. Alle staatskole sal verengels, net soos wat met die Afrikaanse universiteite gebeur het. Die aanslag is op die Afrikaner. Alles wat hy het, moet van hom vervreem word.

“Dit is hoe politieke mag lyk”, sê mnr Van der Schyff. “Nou gee ons ter wille van ons kinders pad na privaat skole totdat ‘n wet gemaak word wat ook aan daardie skole voorskryf wat hulle mag en wat hulle nie mag nie”.

FW de Klerk sê sy gewete is skoon

Mnr FW de Klerk het tydens ‘n program op die beeldradio gesê “dat daar ‘n element van waarheid in is dat omstandighede en die openbare dienste in Suid-Afrika beter was onder die apartheidsregering”.

Mnr De Klerk het die bewindstermyn van Jacob Zuma as nege verlore jare beskryf.

De Klerk het bygevoeg dat die geleentheid om ‘n nierassige gemeenskap te bou, onder Zuma skade gely het. Hy het ‘n beroep op die ANC-regime gedoen om die ekonomie te bou en vertroue by beleggers te skep.

Mnr Fritz van Graan, onderleier van die HNP, wys daarop dat die politieke oorgawe van mnr De Klerk aan die ANC (wat die beleidsvoorskrifte van die *Freedom Charter* uitvoer) die rede is vir die swak regering, swak omstandighede, ekonomiese ineenstorting en swak openbare dienste in Suid-Afrika. Om die politieke mag wat in blanke hande was, in 1994 aan die kommunistiese bewind van Nelson Mandela oor te gee, is die rede vir die chaotiese toestand vandag.

Dit gaan nie oor wie die persoon in die ANC is wat regeer nie. Dit gaan daaroor dat die ANC Suid-Afrika tot rommelstatus regeer het, sê mnr Van Graan. Mnr De Klerk se droom oor die ANC het elke Witman in die land se nagmerrie geword.

Ontwapening weer op die tafel

Die ANC se minister van polisie, Bheki Cele, het in Vereeniging gesê hy glo dat slegs lede van die polsiediens en soldate wettig vuurwapens mag gebruik. Dit sal beter wees as Suid-Afrika by die punt kan kom dat die publiek geen wapens besit nie.

Mnr Peet Joubert, onderleier van die HNP, sê hierdie uitspraak van die ANC-minister is net nog ‘n stap in die rigting om Blankes totaal te ontwapen.

“In ‘n land met die hoogste misdaad- en moordsyfer in die wêreld, is dit onverantwoordelik om so ‘n uitspraak te maak”, sê mnr Joubert. Daarby is dit lankal duidelik dat die polisie nie in staat is om die landsburgers teen misdaad en geweld te beskerm nie. Plaasmoorde is maar een voorbeeld van vele.

Mnr Joubert sê misdadigers sal altyd toegang tot vuurwapens hê. Met ontwapening word die wetsgehoorsame burger aan dié misdadigers uitgelewer. Dit sal van hulle net nog ‘n makliker prooi maak. Misdaad sal toeneem, veral onder ‘n polisiemag wat nie misdaad kan of wil hokslaan nie.

HEINRé DE BRUIN
Die Moeitedoener

Kontak my vir ’n Mediese Skema of Skemaversterker wat so omvattend moontlik aan u behoeftes voldoen, teen ’n prys wat u sak pas.

082 953 3222 / 053 531 0003

Finansiële Diensverskaffer – Lisensie 8840

Woord en wêreld

Ons dien ‘n lewende HERE.

deur Dr Müller Pretorius



Wanneer ons kyk na die wêreldgodsdienste, is daar net een godsdiens wat ‘n lewende wese dien en aanbid. Die ander godsdienste aanbid iemand wat reeds gesterf het of hulle aanbid ‘n god wat maar net in ‘n lewelose beeld van klip of hout afgebeeld word en deur hulle navolgers rondgedra kan word of op verskillende plekke op die aarde neergesit word om daar aanbid te word. Ander mense aanbid die maan of die son of die natuur en nog ander hulle voorvadergeeste (dus ook mense wat reeds dood is). Confucianisme en Taoïsme is ‘n wysheidsleer onder die Sjinese van mense wie se geboorte- en sterfdatums bekend is; Boeddhisme is weer ‘n leer van die nakom van sekere reëls en mistieke oordenkinge onder die Indiërs. Dit is daar gestel deur ‘n geskiedkundige persoon wat in Indië in die vierde eeu v.C. geleef het. Die Islam-godsdiens is deur die sogenaamde profeet Mohammed ingestel. Hy was ‘n Arabier wat in die 7 de eeu n.C. geleef het. Hy het mense opgeroep om Allah as god van die Arabiere te aanbid wat dan die enigste ware god sou wees. Mohammed sou dan ‘n groter profeet as Jesus Christus wees. Maar Mohammed was ook ‘n mens wat geleef het en wie se graf ook aangewys kan word. Die Boeddhisme en Islam aanbid iemand wat reeds gesterf het.

Daarteenoor aanbid die Christene die drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees. Jesus het nie slegs as Seun van God die mensheid aangeneem deurdat die Heilige Gees Maria oorskadu het sodat sy swanger geword het en Jesus as mens gebore is en opgegroei het as kind van Josef en Maria nie, maar Jesus is uiteindelik as onskuldige oorgelewer om veroordeel te word tot die kruisdood. Daarna is Hy begrawe, maar het op die derde dag opgestaan uit die graf en later opgevaar na die hemel waar Hy aan die regterhand van God die Vader sit en heers oor die hele wêreld. Voorwaar ‘n aanbiddelike HERE om te dien. Hy wat vanaf sy posisie nie net heers nie, maar ook Regter sal wees oor alle mense, gelowiges en ongelowiges.

Hierdie feit van die lewende HERE wat deur sy Woord en Gees regeer vanaf die regterhand van God die Vader uit die hemel, is belangrik vir ons as gelowiges hier op aarde. Ons is in Christus en het saam met Hom aan die kruis gesterf en ook saam met Hom opgestaan uit die graf van die sondedood (vgl. Rom. 6:4; 1 Petr. 1:3 en 3:21; 2 Tim 2:11,12). Ons as gelowiges het nie net die wonderlike voorreg om ‘n lewende HERE te dien nie, maar ons leef saam met Hom en ons regeer ook saam met Hom op die oomblik net in beginsel, maar met sy wederkoms (waarna ons so uitsien), sal ons ewig met Hom regeer en oordeel oor oor alle mense (vergelyk o.a. Dan. 7:18; Openb. 20:4 en 6; 22:5).

Die vraag is of ons hier op aarde leef uit die feit dat ons aan ons sondes gesterf het [dus dood is vir die sonde] en opgewek is in ‘n nuwe lewe. Is die woorde van 2 Kor. 5:17 werklik vir ons waar, want daar staan dit so duidelik: ”Daarom as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk dit het alles nuut geword”. Besef ons altyd dat ons in Christus die volheid van die Godheid ontvang het en leef ons daaruit? Ons as Christene het dus hierdie lewende hoop waardeur ons in die lewe van stryd gedra word en dit word veral versterk deur Jesus se opstanding uit die dood. Hierdie hoop word in 1 Petr.1:4 en 5 ook beskryf as “ ‘n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis… wat in die hemel is vir ons wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd”.

Laastens wil ons daarop wys dat die beeld van God waarna God die mens geskape het (Gen. 1:26) en die heersersrol wat met sy skepping aan die mens toegesê is en deur die sondeval vernietig is, nou weer deur die sterwe van die ou mens en die opstaan van die nuwe mens, volkome herstel is. Ons as Christene moet nou reeds al meer die beeld van God vertoon. Ons moet as nuwe mense leef en as konings in hierdie wêreld daarna uitsien om saam met Christus vir ewig te regeer. Om na sy wederkoms die duiwel en sy bose magte te veroordeel en hom te verwerp in die poel van vuur wat tot in ewigheid brand.

Rassisme, Verblindes en Ver-regses

Van bladsy 4

en intimidasie. Die laaste wapens in hulle arsenaal is wetgewing en geregtelike terreur. Wanneer hulle die mag bekom om hulle delusies met wetgewing op die samelewing af te forseer en daardeur ‘n eens gesonde en vreedsame samelewing ontwrig en abnormaliseer, raak dit gevaarlik. Daar is die ou gesegde dat die gode eers mal maak wie hulle wil vernietig. Wanneer ‘n hele bevolking met wetgewing gedwing word om die psigote se delusies te aanvaar, het ons sekerlik die toppunt van malligheid bereik en kan die vernietiging nie baie ver wees nie. Die werklikhede van die skepping kan tog deur geen wette van ‘n magsbehepte bewind weggewens of verander word nie. Al wat bereik word, is dat die geterroriseerde bevolking na buite beter toneelspelers word, slim genoeg om nie die drakoniese wette oor “rassisme” te oortree op plekke of tussen mense waar hulle onnodig moeilikheid op die lyf kan loop nie. Maar binne-in hulle groei die wrewel en haat teen mekaar.

Jy kan ‘n padda trap tot hy bars, sê die spreekwoord. Een padda hier en een daar kan nog stilgemaak word, maar as ‘n hele volk of bevolking barspunt bereik, het menseregtekommissies en wette wat natuurlike verskille kunsmatig probeer uitwis, geen krag meer nie. Dan skep die rewolusie sy eie reëls.

Een van die “sieklike wanopvattinge waaraan onwrikbaar vasgehou word ten spyte van redelike argumente”, is prof Anton van Niekerk se “Suid-Afrikaanse nasie” (Beeld 20/12/2018). Om die gedagte aan dié nasie verdag te maak, is, volgens die professor, “om met vuur te speel”. My wêreld, professor, die vuur wat u vrees is aangesteek toe julle 300 jaar se geskiedenis geïgnoreer en almal in Suid-Afrika in julle delusiewe Suid-Afrikaanse nasie saamgebondel het. Ons almal voel hoe dit by die dag warmer word. Al wat tot dusver voorkom het dat dit opvlam en handuit ruk, is die Blankes se sin en respek vir wet en orde. Selfs ou De Klerk huil nou krokodiltrane omdat sy delusie van ‘n nie-rassige, nie-seksistiese Suid-Afrika nie gerealiseer het nie. Hoe lank dit nog gaan duur voor dié eksperiment in kunsmatigheid geweldadig tot ‘n einde kom, sal net die tyd leer.

HNP se webblad:

www.hnp.org.za

Tel.: 079 752 4898

Dié Land is ons Land!

Nommer 4

Stellenbosch, Swellendam en Graaff-Reinet

Die geleidelike groei van die bevolkingsgetalle aan die Kaap het genoodsaak dat landbougrond uitgebrei moes word. Dit het tot gevolg gehad dat verkenningstogte na die binneland onderneem is. Die binneland is noordwaarts, maar veral ooswaarts verken.

Tydens die goewerneurskap van Simon van der Stel is ‘n nuwe distrik, Stell en Bosch, in 1679 geproklameer. In 1682 is veertig gesinne daar gevestig. In 1687 is boere in Drakenstein langs die Groot Bergrivier gevestig.

Met die koms van die Franse Hugenote in 1688 het 200 gesinne hulle langs die rivier in Fransche Hoek gevestig.

Die veeboere het trekboere geword en het al dieper die binneland ingetrek, veral in ‘n oostelike rigting. Die land was leeg en onbewoon. In 1745 is Swellendam as landdrosgebied gevestig. Die oosgrens was die Groot Brakrivier en die noordgrens die Olifantsrivier en die Bokkeveld. Die vee- en trekboere het verder die binneland ingetrek. Die oosgrens is in 1769 tot by die Gamtoosrivier aangeskuif.

In 1775 het die Blankes en die Xhosas mekaar by die Visrivier ontmoet. Die Xhosas het vanuit die Noorde suidwaarts getrek. Hulle het hulle nie as volk gevestig nie. Die gevolg was dat die Kompanjie die Visrivier as die grens van Stellenbosch vasgestel het. Botsings tussen die Blankes en die Xhosas het daartoe gelei dat die Plettenberg-baken in 1778 aan die Seekoeirivier opgerig is waarvolgens die noordelike grens die bolope van die Groot Visrivier en die Boesmansrivierberge sou wees.

Die Xhosas het die grens geskend. Dit het gelei tot die Eerste Grensoorlog van 1779-81.

Die VOC het besef dat hy sy gesag sal moet uitbrei om die probleme onder bedwang te bring. Die landdrosgebied, Graaff-Reinet, is in 1786 in die lewe geroep. Die wesgrens was die Gamtoosrivier tot by die Nuweveldberge, die noordgrens tot by die Brakrivier en die oosgrens al langs die Tarka- en Baviaansrivier tot by die Groot Visrivier en die see. *(Word vervolg)*

Buiteland

In April vanjaar is groot brandskade aan die bekende katedraal in Parys, Frankryk, die Notre-Dame, aangerig. Terwyl sommiges meen dat dit met terreur te doen het, is dit nog nie as 'n gegewe bekend gemaak nie.

Die Notre-Dame is 850 jaar oud. Die Franse regering het reeds 'n groot bedrag beskikbaar gestel om die katedraal te herstel.

Individue wêreldwyd het ook bygedra. Die bedrag staan reeds op 700 miljoen euros.

Inligting wat deur die Franse polisie uitgereik is, toon aan dat 875 van Frankryk se 42 258 kerke in 2018 gevandaliseer is.

Sjina se militêre basis in SA-buurstaat

Sjina het sy betrokkenheid in Afrika aansienlik uitgebrei met die vestiging van 'n ondergrondse militêre basis in Zimbabwe. Inligting wat aan die lig gekom het, wys daarop dat dit deel vorm van die uitbreiding van militêre samewerking tussen Zimbabwe en Sjina.

Sjina het reeds grond-tot-lug missiele in Zimbabwe geïnstalleer, dieselfde as wat op die Woody Eiland in die Sjinese Suid-see gebruik word.

Die rede wat vir die skepping van die nuwe militêre basis gegee word, is dat dit gedoen word om Sjina se groot diamante- en goudmyne regoor Zimbabwe te beskerm. Daar word nie gesê teen wie dit gedoen moet word nie. Sjina het reeds sedert 2014 spesiale magte in dié land.

Biljoene dollars is die afgelope paar jaar in Zimbabwe deur die Sjinese belê. Dit is gedoen om die infrastruktuur te versterk en die handel met Sjina uit te brei.

Die hoofsekretaris van die HNP, mnr Louis van der Schyff, sê dit is verstommend dat Zimbabwe so in duie stort as dié beleggings bedoel is om die land se infrastruktuur te red. Wat hier gebeur, is die kolonialisering van Afrika. Sjina stuur telkens Sjinese as arbeiders om die sogenaamde ontwikkeling in Afrika te doen. Alles word gedoen tot voordeel van Sjina. Die inheemse volke kry geen voordeel nie.

Dieselfde is reeds besig om in Suid-Afrika te gebeur. Die ANC-regime sal net soos Zimbabwe hulle aan hulle neuse laat lei. "Die HNP waarsku reeds sedert die vroeë sewentigerjare teen die Sjinese insypeling toe die NP van mnr Vorster begin toegee het, maar dit het telkens op dowe ore geval", sê mnr Van der Schyff.

RIETBOKSTRAAT 2
POSBUS 298
THABAZIMBI
0380

TEL: (014) 777 1618/87
FAKS: (014) 777 1618
FAKS NA E-POS: 086 614 1129
E-POS: spien@lantic.net

S.J. PIENAAR
PROKUREUR
ATTORNEY

2 RIETBOK STREET
P.O. BOX 298
THABAZIMBI
0380

TEL: (014) 777 1618/87
FAX: (014) 777 1618
FAX TO E-MAIL: 086 614 1129
E-MAIL: spien@lantic.net

SCHALK JACOB PIENAAR
B.PROC (U.P)

LITIGASIE EN KOMMERSIËLE PROKUREUR / LITIGATION AND COMMERCIAL ATTORNEY
AKTEVERVAARDIGER / CONVEYANCER

WEBBLAD: www.sjpienaar.net

PROKUREUR ATTORNEY | AKTEVERVAARDIGER CONVEYANCER | BOEDELBEREDDERAAR ADMINISTRATOR OF ESTATES | TAKSATEUR APPRAISER | ARBEIDSKONSULTANT LABOUR CONSULTANT

Werda Gastehuis

* Akkommodasie in Upington.
* Gratis parkering op perseel.
* Elke kamer is toegerus met 'n platskerm TV en 'n ketel.
* Alle kamers het bad- of stortgeriewe.
* Naaste lughawe is Upington Lughawe, 5km ver.

+27 823380934
admin@werdakamers.co.za